Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE STADSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 20 MAART 2019 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdd M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdh R F van der Westhuizen
Rdd M van Zyl

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Siviele Ingenieur: Openbare Dienste, mnr J Venter
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann en die wnd Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr A M Zaayman.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 25 JANUARIE 2019

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 25 Januarie 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 20 FEBRUARIE 2019

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 20 Februarie 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.3 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 13 MAART 2019

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 13 MAART 2019

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 TWEEDE HERSIENING AN DIE 2017-2022 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Artikel 34(a) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 bepaal dat 'n munisipale raad sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) jaarliks moet hersien. Die hersiene GOP dien as basis vir die 2019/2020 jaarlikse begroting, die SDBIP en die prestasieplanne van die onderskeie direktorate.

Die voorsitter verwys kortliks na die wysigings wat met die tweede hersiening van die GOP aangebring is en word –

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 28 Maart 2019)

Dat die tweede hersiening van die 2017-2022 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) asook die hersiening van die areaplanne oorweeg en na die Raad vir goedkeuring as konsepplanne verwys word, waarna 'n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2019 gevolg sal word.

7.2 BEGROTINGSKOMITEE: TEGNIESE AANBEVELINGS VIR DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTING, GEWYSIGDE BEGROTINGSVERWANTE BELEIDE, EIENDOMSBELASTING, TARIEWE EN ANDER HEFFINGS VIR 2019/2020, 2020/2021, 2021/2022 (5/1/1/1, 5/1/1/2 (2019/20), 5/1/4)

Artikel 16(2) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (MFMA) bepaal dat die burgemeester die jaarlikse begroting ten minste 90 dae voor die aanvang van die begrotingsjaar by 'n raadsvergadering ter tafel moet lê.

Die konsep/...

7.2/...

Die konsep meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting is ook in terme van die *Municipal Budget and Reporting Regulations, 2008* op 12 en 19 Maart 2019 onderskeidelik aan die Begrotingsbeheerkomitee voorgelê.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat kennisgewing sopas ontvang is dat 'n verhoging van 15,63% in ESKOM-tariewe deur NERSA goedgekeur is en dat die verslag aan die Raad dienooreenkomstig aangepas sal word.

Die voorsitter noem dat die konsep begroting in detail behandel is tydens die Begrotingsbeheerkomiteevergadering en word derhalwe, onderhewig aan die aanpassings soos bespreek –

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 28 Maart 2019)

Die volgende aanbevelings deur die Begrotingsbeheerkomitee gehou op 19 Maart 2019, vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 20 Maart 2019 en word aanbeveel aan die Raad vir doeleindes van publieke deelname met die oog op die wetlike vereistes voor finale goedkeuring 30 Mei 2019.

(a) Dat die Raad kennis neem dat die koste soos beoog deur Artikel 19(2)(a)(b) verkry is na konsultasie met die onderskeie direkteur(e) wie die koste bevestig het soos per **(Annexure A, Section 1: 2019/20 – 2021/22 Capital Projects ito Sec 19)**;

(b) Dat die Raad voor die goedkeuring van die kapitaal projekte bo R50 miljoen soos gelys in **(Annexure B, Section 1: 2019/20 – 2021/22 Capital Projects ito Sec 19)**, eers die geprojekteerde koste wat alle finansiële jare dek totdat die projek in werking is, en die toekomstige bedryfskoste en inkomste op die projek, met inbegrip van belasting- en tarief-implikasies oorweeg;

(c) Dat die Raad die befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die Raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

FINANCING SOURCES	Draft Budget 2019/2020	Draft Budget 2020/2021	Draft Budget 2020/2021
External Loans	R 22 631 209	R 27 368 791	R -
Capital Replacement Reserve (CRR)	R 53 315 363	R 67 024 928	R 83 369 556
Municipal Infrastructure Grant (MIG)	R 21 301 000	R 22 285 000	R 23 700 000
Dept. Human Settlements	R 32 480 000	R 31 800 000	R -
Integrated National Electrification Programme	R 5 000 000	R 10 000 000	R 10 000 000
Dept. Cultural Affairs and Sport	R 370 000	R -	R -
RSEP / VPUU	R 4 000 000	R 2 000 000	R -
Community Safety Grant	R 10 000	R 10 000	R 10 000
Fire Service Capacity Building Grant	R -	R 841 000	R -
Energy Efficiency Demand Side Management	R 5 000 000	R 5 000 000	R 6 729 000
GRAND TOTAL	**R 144 107 572**	**R 166 329 719**	**R 123 808 556**

(d) Dat die Raad dit toepaslik geag het om die totale kapitaalprogram te oorweeg, uitgesluit die 2 individuele projekte bo R50 miljoen aangesien die voorgenoemde kapitaalprogram se operasionele koste, insluitend die toekomstige koste wat gedek word deur belasting en die normale kostesentrums soos in die bedryfsbegroting;

(e) Dat die Raad daarop let dat die opgradering van beide die Moorreesburg- en Darling Rioolwerke 'n impak gaan hê op die buite jare; i.e. vanaf die 2022/23 finansiële jaar en verder en daarom word die proses soos voorgeskryf in Artikel 33 van die MFMA vereis voor finale goedkeuring in Mei 2019;

7.2/...

(f) Dat die Raad die kapitaalprojekte as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos per **(Annexure A, Section 1: 2019/20 – 2021/22 Draft Budget and Tariff File)**;

(g) Dat die konsep meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegrotings ten opsigte van die 2019/2020 tot 2021/2022 finansiële jare goedgekeur word in ooreenstemming met artikel 16, 17 en 19 van die MFMA om publieke deelname toe te laat;

	Oorspronklike Begroting 2018/2019	Aansuiwerings begroting 2018/2019	Konsep Begroting 2019/2020	Konsep Begroting 2020/2021	Konsep Begroting 2021/2022
Kapitaalbegroting	87 245 909	98 785 331	144 107 572	166 329 719	123 808 556
Bedryfsuitgawes	698 278 426	693 672 465	747 413 724	787 878 112	871 723 962
Operating Revenue	746 205 036	761 793 817	829 366 279	904 995 541	950 674 505
Begrote (Surplus)/ Tekort	**(47 926 610)**	**(68 121 352)**	**(81 952 555)**	**(117 117 429)**	**(78 950 543)**
Minus: Kapitaal Toekennings	36 975 000	51 972 114	68 161 000	71 936 000	40 439 000
(Surplus)/ Tekort	**(10 951 610)**	**(16 149 238)**	**(13 791 555)**	**(45 181 429)**	**(38 511 543)**

(h) Dat die Raad in beginsel die opneem van 'n eksterne lening tot ‘n bedrag van R50 000 000 goedkeur vir die gedeeltelike finansiering van die Moorreesburg- en Darling Rioolwerke in die meerjarige kapitaalbegroting vir 2019/2020 tot 2020/2021 finansiële jare, deur die mark te toets soos beoog deur die MFMA artikel 46 vir die versoek van tenders van die finansiële instellings (verwys asseblief na die impak soos vervat in die skedules vir die voorgestelde lening vir doeleindes van publieke advertering en finale goedkeuring in Mei 2019);

(i) Dat in beginsel goedkeuring verleen word aan die Direkteur: Finansiële Dienste om die mark te toets vir doeleindes om uitvoering te gee aan Artikel 46 van die MFMA ten opsigte van die oopneem van ‘n kapitale lening tot ‘n bedrag van R50 000 000 ingevolge die vereistes van Artikel 46 van die MFMA vir die spesifieke doel om die voormelde rioolwerke gedeeltelik te finansier;

(j) Dat die Raad die eiendomsbelastingtariewe vir die 2019/2020 finansiële jaar goedkeur soos onder gelys en in die belastingbeleid vir doeleindes van publiek deelname:

Property Categories	**Tariff (c/R)**
Residential properties	.006490
Vacant land	.008580
Industrial properties	.008580
Business and commercial properties	.008580
Agricultural properties (used for agricultural purposes)	.001623
Agricultural properties used for eco-tourism	.008580
Agricultural properties used for trading in or hunting of game;	.008580
Mining properties	.008580
Properties owned by an organ of state and used for public service purposes	.008580
Public service infrastructure	.000000
Properties owned by public benefit organisations: (i) welfare and humanitarian organisations; (ii) cultural organisations; (iii) sporting organisations; (iv) conservation, environmental and animal welfare organisations; (v) healthcare organisations; and	.008580

Property Categories	**Tariff (c/R)**
(vi) education and development.	
Properties used for multiple purposes	Differential rate
Properties in rural area zoned for business or in respect of which consent uses have been approved in terms of the municipality's zoning scheme regulations	.008580
Municipal properties	.000000
Informal settlements, including those on land which are not subdivided into residential ervens	.006490
Property acquired through the Provision of Land and Assistance Act, 1993 (126 of 1993) or the Restitution of Land Rights Act, 1994 (Act 22 of 1994) or Communal Property Association Act, 1996	Either .008580 or .006490, depending on use
Conservation areas	.000000
Protected areas (excluding residential and other properties)	.000000
National monuments	.000000
State owned properties	.008580

(k) Dat die afslag aan gestremde persone en senior burgers soos omskryf word in die Eiendomsbelastingbeleid beperk word tot 'n maksimum van R300 000 vir die 2020/2021 finansiële jaar onderhewig aan 'n aansoek in die voorgeskrewe formaat soos per die voorskrifte van tyd tot tyd deur die Hoof Finansiele Beampte bepaal;

(l) Dat die Raad die tariefstrukture en heffings vir water, elektrisiteit, vullisverwydering, riool en ander diverse heffings soos uiteengesit in **(Annexure A: 2019/20 – 2021/22 Draft Budget and Tariff File)** goedkeur met die doel om publieke deelname toe te laat;

(m) Dat die Raad die voorgestelde elektrisiteitstariewe as konsep vir die 2019/2020 finansiële jaar goedkeur, met inagneming dat dit onderhewig is aan finale goedkeuring deur NERSA;

(n) Dat die jaarlikse begrotingstabelle soos vereis deur die Begrotings- en Rapporteringsregulasies en uiteengesit is in **(Annexure C: A-Schedules 2019/20 – 2021/2022 (A1 – A10)** goedgekeur word **insluitend** die regstellings op die 2018/19 aansuiweringsbegroting tabelle as gevolg van herklassifikasie veranderings;

(o) Dat die konsep gewysigde begrotingsverwante beleide, die konsep gewysigde Kredietbeheerbeleid en Skuldinvorderings Verordening en die konsep gewysigde Eiendomsbelastingbeleid en -Verordening soos vervat in **(Annexure D: Draft Budget Related Policies and By-Laws 2019/20)**, goedgekeur word vir doeleindes van publieke deelname;

(p) Dat die opleidingsbegroting beperk is tot 0,83% van die salarisbegroting ten bedrae van R1 775 494 vir die 2019/2020 finansiële jaar as konsep goedgekeur word;

(q) Dat die Raad kennis neem en goedkeuring verleen vir die volgende verhogings naamlik:

(i) Ten opsigte van alle personeel, 'n verhoging van **6.5%** vir 2019/2020; **6.25%** vir die 2020/2021 en **6%** vir 2021/2022 finansiële jare onderskeidelik, uitgesluit die toename in ander voordele wat van toepassing is en die jaarlikse 2,5% kerfverhoging;

(ii) Ten opsigte van die ander artikel 56-aanstellings (uitgesluit Munisipale Bestuurder, Hoof Finansiele Beampte en Direkteur: Siviele Dienste) 'n **6.5%** verhoging met ingang van 1 Julie 2019;

(iii)/...

7.2(q)/...

(iii) Voorsiening is gemaak vir 'n **5%** verhoging vir politieke ampsdraers wat val binne die boonste band van die inflasieteikens soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB).

(r) Dat die Raad spesifiek kennis neem van die feit dat bestuur in die proses is om beide die finansiële en diensleweringsimpakte te oorweeg wat die Arbeidsverhoudinge Wet op kontrakaanstellings het, waarvan die uitkoms tydens die finale goedkeuring in Mei 2019 oorweeg sal word in sovêr dit die salarisrekening beïnvloed;

(s) Dat die Raad kennis neem van die begrote bedryfsurplusse, die totale groei in uitgawes van **7.7%** vanaf die huidige tot die nuwe finansiële jaar hoofsaaklik as gevolg van die verwagte hoë verhoging in elektrisiteits bulk aankope en groei in inkomste van slegs **8.9%** vir die MTREF periode, sowel as die kontantvloei-staat soos per **(A-schedule: A7 en SA8)** vir die huidige sowel as die volgende drie finansiële jare en meer spesifiek die vordering in hierdie verband;

(i) die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes is **11 maande** vir 2019/2020 en 2020/2021 finansiële jare en vir 2021/22 is dit **10.5 maande**;

(ii) oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2019/2020 'n bedrag van **R81 952 555**; 2020/202 'n bedrag van **R117 117 429** en 2020/2021 'n bedrag van **R 78 950 541 (kapitale toekennings ingesluit)**;

(iii) oor die volgende drie finansiële jare is die beplanning van so 'n aard dat die volgende bedryfsurplusse verwag word – 2019/2020 'n bedrag van **R13 791 555**; 2020/202 'n bedrag van **R45 181 429** en 2020/2021 'n bedrag van **R38 511 541 (kapitale toekennings uitgesluit)**;

(t) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(u) Dat die Raad kennis neem dat die begroting ook opgestel is in die nuwe mSCOA Weergawe 6.3 soos vereis deur Nasionale Tesourie;

(v) Dat die proses van publieke deelname vir doeleindes van insette en kommentaar op die konsep gewysigde begroting en verwante dokumente op 3 Mei 2019 teen 12 voormiddag sluit.

7.3 KONSEP 2019/2020 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat die Dienslewering- en Begrotingimplemen-teringsplan (SDBIP) na afloop van die Begrotingsbeheerkomiteevergadering dienooreenkomstig die wysigings in die 2019/2020 begroting aangepas is. Die aangepaste SDBIP is apart tot die sakelys aan lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gesirkuleer.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 28 Maart 2019)

Dat die konsep 2019/2020 Dienslewering- en Begrotingimplemen-teringsplan (SDBIP) goedgekeur word vir die doeleindes van beoordeling van die begroting deur Nasionale en Provinsiale Tesourie.

7.4 WYSIGING VAN KPI'S EN TEIKENS VIR 2019/2020 (2/4/2)

Die Munisipale Beplanning- en Prestasiebestuursregulasies, 2001 (R796 gedateer 24 Augustus 2001) bepaal dat 'n munisipaliteit sy sleutelprestasie-aanwysers jaarliks moet hersien. Die regulasies bepaal verder dat wanneer 'n munisipaliteit sy GOP wysig, die munisipaliteit dan ook die sleutelprestasie-aanwysers wat deur so 'n wysiging geraak word, moet wysig.

7.4/...

Die gewysigde KPI's en teikens is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat die aangehegte wysiging van die sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens as 'n konsep goedgekeur word vir die doeleindes van advertering vir publieke insette en kommentaar.

7.5 AANBEVELING VIR DIE WYSIGING VAN DIE ORGANISATORIESE STRUKTUUR VAN DIE DEPARTEMENTE ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE EN ONTWIKKELINGSDIENSTE (2/3)

Artikel 66 van die Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die munisipale bestuurder verantwoordelik is vir die ontwikkeling van 'n organisatoriese struktuur vir goedkeuring deur die munisipale raad.

Die wysigings aan die organisatoriese struktuur, met spesifieke verwysing na die Direktoraat: Elektriese Ingenieursdienste, die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat: Ontwikkelingsdienste is reeds aan die Arbiedsforum voorgelê en word volledig toegelig in die verslag tot die sakelys.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat die voorgestelde wysigings ten opsigte van die Direktoraat: Siviele Ingenieursdienste weggelaat word in die aanbeveling aan die Raad om verder daaroor te konsulteer.

BESLUIT

Dat die voorgestelde wysigings van die organisatoriese struktuur ten opsigte van die Departement: Elektriese Ingenieursdienste en die Departement: Ontwikkelingsdienste vir aanbeveling aan die Raad voorgelê word op 28 Maart 2019.

7.6 AANVAARDING VAN DIE VERORDENING INSAKE OPENBARE OORLASTE (1/1)

Die konsep Verordening insake Openbare Oorlaste is aan die Raad voorgelê op 31 Januarie 2019 ten einde beginsel goedkeuring te verkry om die konsep verordening vir publieke kommentaar en insette te adverteer.

Tydens die publieke deelnameproses is waardevolle insette ontvang vanaf die Yzerfontein Inwonersvereniging en me E Lewis onderskeidelik en bygewerk, waar toepaslik, by die konsep verordening.

Die gewysigde verordening is met die sakelys gesirkuleer en moet ingevolge paragraaf 60 van die Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings (PK 7501 gedateer 2 Oktober 2015) deur die Uitvoerende Burgemeester aan die Raad voorgelê word vir aanvaarding.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 28 Maart 2019)

(a) Dat daar met waardering kennis geneem word van die opbouende insette wat van die publiek ontvang is op die konsep verordening;

(b) Dat die Verordening insake Openbare Oorlaste aanvaar word, met wysigings soos voorgehou;

(c) Dat die verordening in die Provinsiale Koerant afgekondig word vir inwerkingtreding vanaf datum van publikasie in die Provinsiale Koerant.

7.7 YZERFONTEIN OPENBARE BOOTLANSEERPLEK: OPERASIONELE PLAN (17/5/1/1)

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die lanseerplek in die Yzerfontein-hawe deur die Minister van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning in die Provinsiale Koerant, No. 7410 gedateer 26 Junie 2015 as 'n Openbare Bootlanseerplek afgekondig is.

7.7/...

Swartland Munisipaliteit is ingevolge vermelde kennisgewing aangewys as die bestuursligaam en het in samewerking met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning 'n operasionele plan vir die Yzerfontein Openbare Bootlanseerplek opgestel.

Die plan het ten doel om riglyne te verskaf insake die bestuur en bedryf van die openbare bootlanseerplek.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die proses wat gevolg is om 'n operasionele plan vir die Yzerfontein Bootlanseerplek saam te stel;

(b) Dat die Yzerfontein Bootlanseerplek Operasionele Plan goedgekeur word en dat 'n afskrif van die plan aan die Provinsiale Minister van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning gestuur word.

7.8 LOODS-BLOUVLAG STATUS: YZERFONTEIN STRAND 2018/2019 SEISOEN (9/1/3/2/1, 17/10/R)

Die Yzerfontein-strand het loods-blouvlag status ontvang vir die 2018/2019 seisoen wat geduur het vanaf 15 Desember 2018 tot 15 Januarie 2019. Die verslag tot die sakelys, opgestel deur mnr Rupert Joonè, het ten doel om te rapporteer insake die sukses van die loods-blouvlag status gedurende vermelde periode.

Die blouvlag-strand in Yzerfontein is besoek deur 5735 besoekers en gedurende die beoordeling is 'n gradering van 9/10 ontvang. Die gradering is 'n aanduiding dat volle blouvlag status moontlik is.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die verslag van die loodsprojek vir die 2018/2019 seisoen vir Yzerfontein-strand;

(b) Dat die Blouvlag as loodsprojek goedgekeur word vir die 2019/2020 seisoen;

(c) Dat die bedrag van R95 350,00 in die begroting vir Yzerfontein Blouvlag loodsprojek aangewend word vir die 2019/2020 seisoen.

7.9 NOTULE VAN 'N MUNISIPALE PRESTASIE EN RISIKO OUDITKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 NOVEMBER 2018 (5/15/1/3)

Die Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Nr 56 van 2003.

Die notule van die Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 21 November 2018 is met die sakelys gesirkuleer, en bevat geen aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir oorweging nie.

BESLUIT dat kennis geneem word van die inhoud van die notule van 'n Munisipale Prestasie en Risiko Ouditkomiteevergadering gehou op 21 November 2018.

7.10 MOONTLIKE AANKOOP VAN ERF 944, MOORREESBURG (15/4/1)

Erf 944 is geregistreer in die naam van *Palmhurst Investments (Pty) Ltd* en geleë in Graanstraat, Moorreesburg. Die eiendom is gedurende 2012 aan die Departement Korporatiewe Dienste oorhandig vir litigasie weens onooglike strukture op die erf.

Die maatskappy is intussen gederegistreer en die dienste van 'n opsporingsagent is bekom om die enigste direkteur, mnr M Gaffoor, op te spoor. Daar is bevind dat mnr Gaffoor oorlede is en dat op daardie stadium (Januarie 2013) geen bates aan die intestate erfgename oorgedra is nie.

7.10/...

Die dienste van die raadsprokureur is bekom om agterstallige dienstegelde in te samel en om die erf herwinbaar te verklaar om dit per publieke veiling te verkoop, maar probleme is ook ondervind om die partye op te spoor om die nodige dokumente te bedien.

Die uitstaande munisipale rekening is tans ±R240 000,00.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die situasie betreffende Erf 944, Moorreesburg;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat die eiendom weer in eksekusie aangebied word vir verkope;

(c) Dat, indien ‘n behoorlike aanbod nie ontvang word nie, die Munisipale Bestuurder (of sy genomineerde) met volmag beklee word om ‘n bedrag wat nie R10 000,00 sal oorskry nie, vir die eiendom aan te bied, in ‘n poging om eienaarskap te bekom en gevolglik verder te mag handel met die eiendom.

7.11 VOORGESTELDE OOREENKOMS INSAKE OPRIGTE VAN ’N HEINING: SWARTLAND MUNISIPALITEIT/WATERBRON TRUST (15/3/3-15/Plaas 661/11) (WYK 12)

Daar is twee besware ontvang gedurende die publieke deelnameproses insake die grondgebruikaansoek vir die skep van behuisingsgeleenthede in Riebeek Kasteel op ’n gedeelte van die Plaas Botmaskloof No. 661/11, Afdeling Malmesbury.

Een van die besware wat ontvang is, is sedertdien terug getrek en is daar met die ander beswaarmaker onderhandel om die beswaar te heroorweeg. Die beswaar is terug getrek in ruil waarvoor die Munisipaliteit op sekere voorwaardes instem om ‘n *Clear Vu*-heining van sowat 346,8 meter lank (± 2,1 meter hoog) aan te bring op die grens van Gedeelte 11 en Gedeelte 12 van Plaas 661.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat Me K E van der Merwe ingestem het om die Waterbron Trust se beswaar teen die grondgebruiksaansoek vir die onderverdeling en hersonering van Gedeelte 11 van Plaas Botmaskloof No. 661, Afdeling Malmesbury soos per Kennisgewing 01/2018/2019 terug te trek, onderhewig daaraan dat ‘n heining opgerig word soos aangetoon in hierdie verslag;

(b) Dat goedkeuring verleen word dat ‘n ooreenkoms met die Waterbron Trust gesluit word rakende die trust se bydrae tot die kostes wat met die oprigting van die heining verband hou, en dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om die terme van gemelde ooreenkoms te finaliseer asook die ondertekening daarvan namens die Munisipaliteit;

(c) Dat die Munisipaliteit se bydrae tot die heining deur die Departement Menslike Nedersettings gefinansiering word as deel van die Riebeek Kasteel behuisingsprojek.

7.12 NOTARIëLE ONTKOPPELING VAN ERWE 8857, 157 EN 164, MALMESBURY (12/25/2-8/2)

Die Raad het gedurende 2005 regte aan die Mispah Spa Konferensie-sentrum toegeken vir die gebruik van die mineraalwater uit die bron geleë op erf 7211, Malmesbury onderhewig aan sekere voorwaardes. Alhoewel die gebruik van die bronwater nie gerealiseer het nie, is daar aan sekere voorwaardes uitvoering gegee, onder andere, die notariële verbinding tussen erwe 8857, 157 en 164, Malmesbury.

Na aanleiding van 'n tenderproses gedurende 2018, is die reg op die gebruik van die betrokke mineraalwater aan La Belle Creations CC toegeken ten opsigte van die

7.12/...

Mispah-ontwikkeling. Een van die tendervoorwaardes was dat skriftelike bevestiging gegee moet word dat ’n lening ten bedrae van R3,5 miljoen suksesvol toegestaan is om die ontwikkeling te finaliseer. Bewys van goedkeuring van die lening is bekom, maar word die leningsooreenkoms tussen La Belle Creations CC en die finansiële instansie bedreig deur die verouderde klousule in die ooreenkoms van 2005 insake die notariële verbinding.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die notariële verbinding tussen erwe 8857, 157 en 164, Malmesbury gekanselleer word, gegewe daar geen risiko’s vir die Munisipaliteit uit sodanige kansellasie voortspruit nie;

(b) Dat die kostes verbonde aan die notariële ooreenkoms van kansellasie van die bindings-ooreenkoms, wat in die akteskantor geregistreer moet word, vir die rekening van La Belle Creations CC sal wees.

7.13 AFSTANDDOENING VAN VOORKOOPSREG: ERF 12421 MALMESBURY (12/2/5/2-8/5)

[Die Uitvoerende Burgemeester verlaat die lokaal vir die bespreking van die item weens die betrokkenheid van sy gade by die ACVV en die Uitvoerende Onderburgemeester word as voorsitter aangewys.]

Die Raad het in Mei 2017 goedkeuring verleen vir die vervreemding van ’n gedeelte (6 823 m² in grootte) van Erf 327, Malmesbury aan die ACVV Malmesbury vir konsolidasie met Erf 3756, Malmesbury. Die gekonsolideerde eiendom staan bekend as Erf 12421 (9670 m² in grootte).

Die ACVV het ten doel gehad om ’n Engelse Laerskool op die been te bring en is die Better Beginnings College in 2018 gestig met 13 leerders tussen Graad R en Graad 2. In 2019 is ’n Graad 3-klas bygevoeg en het die skool gegroei tot 64 leerders. Die groei in die leerdertal het die behoefte aan ’n Engelse Laerskool in Malmesbury bevestig en is die voorneme om elke jaar tot en Met Graad 7 ’n nuwe graad by te voeg.

Die ACVV het dus besluit dat die skool as ’n onafhanklike entiteit gevestig moet word, aangesien ’n volwaardige skool buite die kundigheidsgebied van die ACVV val.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die ACVV uitvoering gegee het aan klousule 11.1 van die kooporeenkoms met die Munisipaliteit, deurdat Erf 12421 Malmesbury reeds dienooreenkomstig ontwikkel is;

(b) Dat die Munisipaliteit afstand doen van sy voorkoopsreg ooreenkomstig klousule 13 van die koopooreenkoms, en goedkeuring verleen aan die ACVV om die eiendom aan Better Beginnings College (BBC) te mag verkoop, onderhewig daaraan dat die ACVV ‘n suksesvolle grondgebruiksaansoek deurloop vir die onderverdeling van Erf 12421;

(c) Dat die verwydering van die titelvoorwaarde wat onderverdeling belet, sal afhang van die suksesvolle uitkoms van bogemelde onderverdelingsaansoek en die voorwaardes wat vir sodanige onderverdeling opgelê mag word;

(d) Dat die beletsels soos vervat in klousules 11.2, 12.2, 12.3 en 13 in die koopooreenkoms tussen die ACVV en BBC vervat moet word ten aansien van die eiendom wat as gevolg van die onderverdeling tot stand kom, en dat ‘n afskrif van die koopooreenkoms aan die Munisipaliteit voorgelê sal word vir goedkeuring;

(e) Dat die dienste van die raadsprokureur (Du Plessis & Mostert) deur die ACVV gebruik moet word om gemelde koopooreenkoms op te stel, vir die rekening van die verkoper.

7.14 ONTWIKKELINGSVOORSTELLE: ERF 4230, DARLING (SAKEPERSEEL) (12/2/B)

Tender L06.17.18 vir die verkoop van Erf 4230, Darling ten bedrae van R305 000,00 (BTW uitgesluit) is in Mei 2018 aan Me M Mbotbo t/a Myrtle Liquor toegeken.

Een van die verkoopsvoorwaardes was dat ‘n ontwikkelingsplan (ingesluit konsep bouplanne) aan die Munisipaliteit voorgelê word vir oorweging en goedkeuring teen 31 Desember 2018.

Die grondgebruiksregte vir ‘n Sakesone 1 is egter nie in plek om 'n drankwinkel op Erf 4230, Darling te akkommodeer nie. ‘n Aansoek om vergunningsgebruik moet ingedien word ingevolge Artikel 25(2)(o) van die Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning en kan die bouplanne eers oorweeg word indien die grondgebruik aansoek suksesvol deurloop is.

BESLUIT

Dat die sluiting van ‘n herlewingsooreenkoms met die koper van Erf 4230, Darling goedgekeur word, waarin ‘n verlengde periode verleen word vir ‘n gewysigde ontwikkelingsvoorstel binne die soneringsparameters om voorgelê te word.

7.15 VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES (12/2/5/5-9/2)

Nadat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen het om voorstelle in te win vir die verhuring van ‘n gedeelte (groot ±17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg is ‘n openbare mededingingsproses deurloop om die grond vir akkerboudoeleindes beskikbaar te stel.

Die Koringbedryfmuseum was die enigste instansie wat belangstelling getoon het om die gedeelte grond vanaf die Munisipaliteit te huur.

BESLUIT

(a) Dat Tender L04.18.19 vir die verhuring van ‘n gedeelte (groot ± 17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg ten bedrae van R500,00 per jaar, BTW uitgesluit, aan die Koringbedryfmuseum toegeken word, vir ‘n periode van een jaar, met ingang vanaf 1 April 2019;

(b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om die voorwaardes van die huurkontrak te finaliseer en die ooreenkoms te mag onderteken.

7.16 KANTOORAKKOMMODASIE: MOORREESBURG SPORTFORUM (12/1/3/1-9/1)

Die kantoorruimte, bekend as die ou Toerismekantoor, word aan die Moorreesburg Sportforum op ‘n jaar tot jaar basis verhuur.

‘n Aansoek is ontvang om die kantoor vir ‘n verdere termyn van twaalf maande te huur.

BESLUIT

(a) Dat die ou Toerismekantoor te Moorreesburg m.i.v. 1 Mei 2019 vir ‘n verdere termyn van 12 maande aan die Moorreesburg Sportforum verhuur word ter uitvoering van hul administratiewe funksies;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R10,00 plus BTW, per maand;

(c) Dat die huidige huurvoorwaardes sal bly geld.

7.17 HUUR VAN TRANSNET RUSKAMER TE KALBASKRAAL

Die Raad huur die ruskamers te Kalbaskraal van Transnet. Die huurtermyn verstryk op 30 Junie 2019.

7.17/...

BESLUIT dat die item terug verwys word om te besin oor die effektiewe benutting van die fasiliteit.

7.18 HUUROOREENKOMS: DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE (17/9/2/R)

Die Departement van Openbare Werke huur tans ‘n deel van die Dieprivier Sportgronde en die Krieketklubhuis vir die werksaamhede van die Departement van Binnelandse Sake.

Die voorsitter noem dat die Munisipaliteit graag aan die een kant die Departement van Openbare Werke behulpsaam wil wees om kantoorruimte vir Binnelandse Sake beskikbaar te stel, maar aan die ander kant ook druk op die betrokke Departement wil uitoefen om alternatiewe kantoorruimte te bekom waaruit ‘n volwaardige diens aan lede van die publiek gelewer kan word.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Departement Openbare Werke, m.i.v. 1 Desember 2018, aangegaan word vir die huur van die fasiliteite vir `n verdere tydperk wat strek tot en met 30 Junie 2019;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R1000,00 per maand plus BTW;

(c) Dat kennis geneem word dat die vasgestelde huurgeld elektrisiteits- en waterverbruik insluit.

7.19 HUUR VAN STOORRUIMTE TE MALMESBURY (12/1/2-6/2)

Die Raad huur tans stoorruimte te Malmesbury vanaf die Bester Familietrust vir die stoor van vullissakke en watermeters.

Die stoorruimte word vir ‘n verdere termyn benodig.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met Bester Familietrust aangegaan word vir ‘n verdere termyn van 12 maande vir die huur van stoorruimte te Malmesbury, met ingang vanaf 1 April 2019;

(b) Dat die huurgeld ten bedrae van R1100,00, BTW ingesluit, per maand betaal word uit posnommer 9/241-369-3007 (aankoop van vullissakke);

(c) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag bly.

7.20 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY POSDUIFVERENIGING (17/9/2/2/3)

Die Raad het in die verlede ‘n geboutjie verhuur aan die Malmesbury Posduifvereniging, wat geleë is op een van die erwe (erf 11338) wat aan die Weskus Kollege vervreem is.

Die koopkontrak het vereis dat die koper teen eie koste ‘n soortgelyke gebou tot bevrediging van die Munisipaliteit oprig, wat die eiendom van die Munisipaliteit sal word vir gebruik deur die Malmesbury Posduifvereniging.

Die klubhuis is opgerig op ‘n gedeelte van die Dieprivier Sportgronde aangrensend tot die rolbalfasiliteite.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat die Malmesbury Posduifvereniging self die voormalige klubhuis teen eie koste opgerig het wat nou geleë is op die grond van Weskus Kollege. Die vorige huurooreenkoms het derhalwe ‘n kompensasieklousule bevat wat oorweeg moet word.

Die Malmesbury/...

7.20/...

Die Malmesbury Posduifvereniging versoek verder dat ‘n elektrisiteit-, water- en rioolaansluiting aangebring word en vra toestemming om die gebou teen eie koste van diefwering en ‘n alarmstelsel te kan voorsien.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Malmesbury Posduifklub aangegaan word ten opsigte van die nuwe klubhuisfasiliteite by die Dieprivier sportgronde vir ‘n tydperk van 3 jaar (36 maande) met ingang vanaf 1 Julie 2019;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R120,00, plus BTW, per jaar;

(c) Dat die huurvoorwaardes soos per vorige huurooreenkomste met die posduifklub gehandhaaf word, ingesluit die kompensasieklousule wat daarin vervat is, met dien verstande dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste met volmag beklee word om te mag afwyk van gemelde voorwaardes indien noodsaaklik en relevant;

(d) Dat goedkeuring verleen word aan die klub om diefwering en ‘n alarmstelsel op hul koste aan te bring.

7.21 SONDEZA AFRI-JEUG INISIATIEF: EVALULERINGSVERSLAG 2018 (17/2/2/1)

Die voorsitter verwys na die visie van die Sondeza Afri-Jeug Inisiatief en noem dat dit hartroerend is om jeug vanaf die Weskusstreek in kontak te bring met jeug regoor die wêreld (Namibië, Rusland, Duitsland, Taiwan) om hul diversiteit met mekaar te deel en om as leiers en vriende die kamp te verlaat.

Die voorsitter bedank spesiaal die kampkoördineerder, me I Loock, vir haar insette en harde werk gedurende die kamp. Die voorsitter rig ook ‘n woord van dank aan ABSA, en spesifiek, mnr Theo Steenkamp, wat nog na sy aftrede betrokke is by die fasilitering van die kamp.

Die Evalueringsverslag, soos opgestel deur die kampkoördineerder, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Evalueringsverslag van die 15de Sondeza Afri-Jeug Inisiatief wat plaasgevind het vanaf 5 tot 13 Desember 2018 te Ganzekraal.

7.22 UITSTAANDE DEBITEURE: FEBRUARIE 2018 (5/7/1/1)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT dat die Raad kennis neem van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Februarie 2019.

7.23 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die voorsitter wys weereens daarop dat die meeste eise voortspruit uit diefstal en beskadiging van munisipale eiendom.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 28 Februarie 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

7.24/...

7.24 ALGEMENE JAARVERGADERING: PLAASLIKE OWERHEDE AFTREEFONDS: AANWYSING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)

Die 35ste Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Aftreefonds vind plaas op 24 Mei 2019.

Volgens die voorskrifte van die fonds, is Swartland Munisipaliteit geregtig om een afgevaardigde uit lede en een afgevaardigde uit die raadsgeledere aan te wys.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat mnr A M Zaayman genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Plaaslike Owerhede Aftreefonds op 24 Mei 2019;

(b) Dat, raadsheer R F van der Westhuizen, genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig.

7.25 WYSIGING VAN DIE RAAMWERK VIR DIE IMPLEMENTERING VAN PRESTASIEBESTUUR (2/4/2)

Die wysiging van die Raamwerk vir die Implementering van Prestasiebestuur het ten doel om die betaling van prestasiebonusse onder sekere omstandighede moontlik te maak.

BESLUIT

Dat die aangehegte gewysigde Raamwerk vir die Implementering van Prestasiebestuur goedgekeur word vir die jaar onder oorsig, synde die 2017/2018 finansiële jaar.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER